:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel X, No. 5. POTCHEFSTROOM. APRIL 1943.

# DIE UNIVERSALISME EN INDIVIDUALISME IN DIE TEORETIES-WYSGERIGE SOSIOLOGIE. 1)

Uit 'n historiese ondersoek van die Sosiologie as vakwetenskap blyk dit al dadelik dat die Sosiologie een van die jongste vakwetenskappe is onder die ander sosiale wetenskappe.

As onderdeel egter van die sosiale filosofie en van die sosiale denke, as wetenskap van die wette van die sosiale lewe van die mens, gaan dit terug tot die Griekse Wysbegeerte, wat hom ook ywerig besig gehou het met sosiale vraagstellinge, soas later nader sal blyk.

Die Naam Sosiologie is afkomstig van die Franse wysgeer Auguste Comte, die skepper van die positivistiese wysbegeerte. Vir Comte was die Sosiologie egter nie 'n nuwe wetenskap, met 'n eie, skerp-bepaalde terrein nie, maar 'n soort beskouingswyse van ander reeds bekende en bestaande wetenskappe, 'n sistematiek van wetenskappe en 'n filosofie oor die mens en die menslike samelewing. Ekonomie, regswetenskap, regspraak, moraal, godsdiens het nou terreine geword wat volgens Comte *sosiologies* opgevat moet word. Die Sosiologie moet niks meer of minder as 'n opbou van positiewe wetenskappe wees nie, en die veld van ondersoek het gereik vanaf wiskunde, natuurkunde, biologie tot die kennis van alle menslike verskynsels op die gebied van godsdiens, sedeleer, politiek ens.

Hy en sy volgelinge het getrag om die ontwikkelingswette wat die ondersoekers in die natuurwetenskappe ontdek het en wat toe as onom-

1) Inougurele Rede gehou by die aanvaarding van die Professoraat in Sosiologie aan die P.U.K. vir C.H.O. op 12 Februarie 1943.

stootlik aangeneem is, toe te pas op die terrein van die ander wetenskappe.

In hierdie sisteem het die histories-sosiale wêreld van die mens die hoogste en ingewikkeldste werklikheid uitgemaak.

Die wette waaraan hierdie werklikheid onderworpe was, kon slegs deurgrond word wanneer hulle opgebou was op die minder saamgestelde, die laere trappe. Die onmiddellike grondslag van die maatskaplike lewe word gevorm deur die organiese lewe van die mens, wat slegs 'n besondere geval was van die organiese lewe van diere en plante.

Hierdie positivistiese program van die tyd van die Aufklärung af, het nog lank sy nawerking gehad, veral in die Engelse sosiologie en met name by Herbert Spencer.

Hy het nader ingegaan op die studie van die geestelike en stoflike verskynsels van die samelewing en veral op die verhoudinge—die bindinge en ontbindinge—tussen die mense, die lig laat val.

Geheel in die lyn van Comte het hy getrag 'n algemene ontwikkelingsleer vir die sosiale lewe op te stel; op alle moontlike gebied het hy probeer *groei* konstateer, 'n groei van die laere tot die hoëre.

Onder die indruk van die ontdekkinge van die biologie, dat alle lewende organismes uit selle bestaan, het Spencer die moontlikheid gesien om die sosiale organisme in volkome analogie tot die biologiese te stel. In verbinding met die Darwinisme het Spencer se sintetiese filosofie in Engeland tot omstreeks 1900 die leiding.

Tog begin by Spencer ook 'n ander element van betekenis 'n rol speel, n.l. die psigologiese; so getuig Leopold von Wiese „vor allem schob er die Psychologie, die für Comte nichts selbständiges neben Biologie und Soziologie war, als wesentliches Glied in die Wissenschaftsreihe." Die psigologie moes die brug slaan tussen die biologie en die sosiologie.

Weer 'n enigsins ander opvatting van die sosiologie tref ons aan by Durkheim. Onder Sosiologie verstaan hy die steeds talriker wordende sosiologiese probleme wat langsamerhand in die verskillende ander sosiale wetenskappe ondersoek en onder die aandag gebring was, probleme wat ten tyde van Durkheim deels van etnografiese, deels van sosiale, en deels van historiese aard was. Op grond van hierdie kompilasie het Durkheim as veld van ondersoek vir die sosiologie gesien: die sosiale gebeurtenis in die ruimste sin.

Aan die end van die neëntiende eeu bely 'n aansienlike deel van die Sosioloë, wat dán vir 'n meganistiese, dán weer vir 'n biologistiese, dán weer vir 'n psigologistiese rigting opkom, in minder of meer sterke

afhanklikheid van Spencer, die positivistiese program. As verteenwoordigers van die meganisme kry ons Tarde, wat in sterk mate sy stempel gedruk het op die Franse sosiologie; as verteenwoordiger van die biologistiese rigting o.a. Spencer, om nie te praat van die aanhangers van die Darwinisme; as verteenwoordigers van die psigologisme, Le Bon en die meeste Amerikaanse Sosioloë sedert Giddings en Ward. Die rigting van die Behaviorisme, wat die gedraginge van mens en dier soveel moontlik natuurkundig-matematies wil ondersoek, het in Amerika sy grootste aanhang gehad.

Teenoor hierdie opvatting van die Sosiologie as sintetiese wetenskap, wat die ensiklopediese verband tussen al die wetenskappe, wat elkeen 'n bepaalde sy van die menslike samelewing ondersoek, moet ontwikkel, het daar in die jongste tyd 'n reaksie ontstaan. Teenoor hierdie ensiklopediese rigting het te staan gekom die formalistiese rigting, soos verteenwoordig deur Tönnies, Simmel, Vierkandt, e.a. Hierdie rigting wil van die Sosiologie 'n suiwere vakwetenskap maak wat op eie bene staan. Hierdie formele Sosiologie analiseer die verskillende verhoudinge van mens tot mens, van individu tot groep, en van groep tot groep. Uit wat die ondersoekers uit hierdie détail-studie gevind het, trag hulle dan versigtig algemene konklusies te trek, om aldus 'n wetenskap op te bou wat 'n mens kan noem: die wetenskap van die vorme van vermaatskappeling— „die Formen der Vergesellschaftung," soos Vierkandt dit noem, of „Beziehungslehre"; Von Wiese wil verder nog die formasies, „Gebilden," bestudeer wat uit die verhouding van mens tot mens, van mens tot groep ens. tot stand kom. Hierdie studie noem hy „Gebildenlehre"—Leer van die menslike verbande.

Met hierdie inperking van die begrip Sosiologie en die skerper afbakening van sy veld van ondersoek tot verbande van die menslike samelewing en die sosiale prosesse en verhoudinge wat hulle binne hierdie samelewingsverbande afspeel, het vanself die bestudering van hierdie verbande in die moderne teoretiese sosiologie op die voorgrond getree.

Die kernvraag nou, in elke teorie wat hom besig hou met die menslike verbande, kan as volg geformuleer word: Wat waarborg aan die verbande van die menslike samelewing hulle innerlike eenheid, hulle eie strukturele geaardheid, en waardeur is die identiteit van die verband versekerd, ondanks die wisseling van die individuele lede van die verbande?

Nou is dit aan iedereen uit die naïewe ervaring, uit die voor-teoretiese, alledaagse lewe bekend dat menslike verbande soos die gesin, kerk, staat, bedryf strukturele eenhede is wat elkeen sy eie aard karakter, taak

en bestemming het. Hierdie eie geaardheid en karakter sal daarom in 'n beskouing oor die menslike samelewing helder moet uitkom, en in geen geval terwille van 'n generaliserende teorie weggesyfer en verdoesel moet word nie. Trouens alle wetenskaplike teorieë moet nie alleen in die naïewe ervaring hulle gegewens vind nie, maar moet ook hieraan getoets word, d.w.s. tot die konkrete voor-teoretiese ervaring teruggaan. 'n Teorie wat die gegewe in die naïewe ervaring vermink, verdonker die veelkleurige wysheid van God, wat in al Sy werke, ook in die menslike verbande, tot openbaring kom.

Aan die ander kant is dit ook duidelik dat die menslike verbande soos huisgesin, kerk, staat, volk nie 'n willekeurige konglomeraat van verskillende persone is nie. Ons sien juis dat binne sekere grense die wisseling van die individuele lede aan die identiteit en die werklike eenheid van die verband geen afbreuk doen nie. As verskillende kinders deur huwelik die ouerlike huis verlaat, word die gesinsverband, wat nou minder lede tel, nie opgehef nie. So vorm enkele persone wat besluit om saam te woon in een huis, nog geen huisgesin nie.

By elke menslike verband, van watter aard ook, *moet* daar dus struktuurbeginsels wees wat vir elke andersoortige verband weer verskillend is. Hierdie beginsel—gegrond op die goddelike wêreldorde—bepaal die struktuur van die verband en skryf aan elke verband sy innerlike lewenswet voor en moet in die verband op interne wyse tot uitdrukking kom.

Wat nou die kernvraag ten opsigte van die menslike verband betref, het die ondersoekers, van die oudste tyd af, op twee maniere na 'n oplossing gesoek. Aan die een kant het hulle die teorie gekonstrueer wat aangedui word deur die woord Universalisme, terwyl aan die ander kant baie gemeen het om die oplossing te vind in die Individualisme.

Die Universalisme in sy mees algemene vorm is die teorie, wat, met die erkenning van die eenheid en realiteit van die verskillende verbande, soek na die hoogste verband, wat as totaliteit, alle andere en laere verbande in hom opneem as onselfstandige dele. Altyd word die metafiesiese begrip van die „totaliteit" aan hierdie beskouing ten grondslag gelê. Nooit word die geheel uit „elementêre bestanddele" gekonstrueer nie. Steeds soek die universalistiese opvatting in die bonte weefsel van die samelewingsverbande, die hoogste, selfgenoegsame verband, waarvan al die ander slegs as organiese „Gliedkörper" in aanmerking kom.

Die verhouding van hierdie laere verbande tot die hoogste word gesien as middel en doel. Die enkeling is volgens hierdie opvatting on-

selfgenoegsaam. Alleen in die verband waarin hy optree, vind hy eers die volle ontplooiing van sy mens-syn. Hierdie hoogste verband besit selfgenoegsaamheid, outarkie, en is die doel van alle lewensontplooiing en historiese ontwikkeling.

Hierdie universalistiese samelewingsteorie vind ons in die Griekse denke by Plato en Aristoteles. Die hoogste verband vir altwee is die selfgenoegsame staat. Die ware staat is die territoriale outarke totaliteit, waarvan die vrye burger die kleinste bestanddeel vorm. Die ideale staat is die volmaakte samelewingsverband, wat al die ander verbande omvat, en wat aan die redelik-sedelike behoeftes van die mens voldoen.

Hierdie Aristoteliese konsepsie leef in gewysigde vorm voort in die sintese-filosofie van die Middeleeue, wat die grondgedagtes van die Christendom met die Wysbegeerte van Aristoteles wil verbind en wat by Thomas van Aquino sy definitiewe beslag gekry het. Toe in die Middeleeue die tydelike kerkverband homself omgevorm het tot hierargies-sakramentele genade-instituut, begin 'n verbandsbeskouing baan te breek wat aan die kerkinstituut dieselfde plek toeken as die Staat ingeneem het in die verbandsleer van die Griekse Wysbegeerte.

Die ondersoekers denk nou in die skema „natuur" en „genade," wat as twee terreine in die verhouding van die „laere" tot die „hoëre," staan. Op „natuurlike" gebied is die staat die hoogste gemeenskap. Op die terrein van die genade is die kerk die hoogste gemeenskap. Die heilige gewelwe van die kerk oorkoepel ook ewewel die staatslewe, en so is die staat ook maar weer middel vir die hoogste doel, nl. die kerk as genade-instituut, wat die volmaakte gemeenskap is.

Die moderne Universalisme, soos o.a. by Hegel tot openbaring kom, neem weer 'n ander vorm aan, wat genoem kan word die idealistiese Universalisme. Hier word die samelewingsverbande gehipostaseer tot bo-individuele persoonlikhede en nie opgevat as onpersoonlike liggame nie. Die substansiële eenheidsband word dan gesoek in die verbandswil, wat hom deur die verbandsorgane kan vorm en geldend maak. Die Staat is hier die „Überperson" of „Gesamtperson," die hoogste openbaring van die „objektiewe gees."

Tiperend van die Universalisme in al sy vorme is steeds die verabsolutering van 'n tydelike samelewingsverband tot die hoogste, wat die ander verbande slegs as dele omvat; wat dan nader as *die* totaalverband beskou word, is vir hierdie prinsipiële posisiekeuse onverskillig.

Teenoor al hierdie konsepsies van Universalistiese karakter staan die Individualisme met sy loëning van die werklike en interne eenheid van die menslike verbande. Die Individualisme poneer die stelling van die self-

genoegsaamheid van die enkeling wat aan alle menslike verbande voorafgaan.

Die verband word dan beskou, in die een geval, as 'n versameling van op sigselfstaande individue, wat te same met 'n bepaalde doel 'n verdrag sluit. Wat die individue aanmekaar bind is 'n uiterlike band. In ander gevalle word die samelewing deur die Individualisme funksionalisties opgevat, d.w.s. die samelewing word gesien as 'n psigiese verskynsel, en die teorie kom dan tot die opvatting dat die menslike verbande niks anders is nie as komplekse van psigiese wisselwerking tussen individue; so is bv. vir Simmel, die Vader van die formalistiese Sosiologie, die menslike samelewing realiter niks anders nie as 'n komplekse vervlegting van psigiese wisselwerkinge tussen individue, óf die samelewing word gesien as 'n juridiese verskynsel deur te poneer dat die verbande slegs 'n juridiese ooreenkoms is, gesluit tussen mense wat op 'n voet van gelykheid staan.

Dergelike en ander individualistiese teorieë, wat, vanweë hulle verdragskonstruksie en funksionalisme, die individualiteitsstrukture van die menslike verbande loën, tref ons in die Oudheid aan by Epikurus, wat geleer het dat 'n gemeenskap van mense nie van nature bestaan nie maar eers deur 'n vrywillige aggregasie van individue tot stand kom.

Soortgelyke gedagtes vind ons in later eeue by die humanistiese leer van die natuurreg soos verdedig deur Hugo de Groot en later Thomas Hobbes. Die verbande is ontstaan deur 'n maatskaplike verdrag. 'n Wet word gelyk gestel met die algemene wil van al die individue. 'n Verband is 'n societas.

Die verskil tussen die verbande lê slegs in die doelstelling, m.a.w. 'n wesenlike struktuurverskil sien hierdie teorieë nie. Alleen die uitwendige gesigspunt is anders. Die bedoelde verdragsteorie lei uiteraard tot 'n volledige teoretiese nivellering van die innerlike struktuursverskille in die verbande van die menslike samelewing. Orals waar gesoek word om die samelewingsverbande uit sy „elementêre bestanddele" te konstrueer, is die individualistiese denkwyse aan die woord. Of die teorie nou die „sosiale element" in die selfgenoegsame individu of in 'n elementêre funksionele relasie soek, soos die psigiese of die juridiese, is vir die grondinstelling van hierdie denkwyse onverskillig.

Die individualisme kom in al sy skakeringe neer op 'n loëning van die innerlike verbandstrukture van die menslike samelewing.

Dit behoef na die bostaande geen lang betoog nie dat die Universalisme sowel as die Individualisme geen oog het vir die innerlike struktuur van alle wesentlike menslike verbande. In beide konsepsies word die eie

geaardheid, die eie karakter van die onderskeie verbande verdoesel of uitgewis. Tog bevat beide ook enkele waarheidsmomente wat ons dankbaar kan aanvaar. So sien die Universalisme meer van die werklikheid as die Individualisme, omdat dit die realiteit van die verbande aanvaar, maar dit misken die interne struktuursverskiile van die verbande, omdat dit meen om die menslike samelewing te kan vat in die skema van die geheel en sy dele, terwyl die hoogste verband as totaalverband verabsoluteer en vergoddelik word.

Die Individualisme daarenteen loën die realiteit van die verbande, wat volgens dié opvatting maar net 'n naam is vir 'n willekeurige saamvoeging van enkelinge, terwyl dit óf die individu óf een of ander menslike subjeksfunksie verabsoluteer en vergoddelik. Tog was die Individualisme betreklik in sy reg teenoor die Universalisme, wat die individuele persoonlikheid geheel en al aan die gemeenskap wil opoffer.

Tog kan hierdie parsiële waarheidsmomente die valse *teorie* waarbinne hulle optree, nie waar maak nie. Die dilemma Universalisme-Individualisme lê binne die kader van die hele immanensie-filosofie, sodat die ondersoeker wat hom aan Gods Woord onderwerp om die waarheid wil hier geen keuse mag doen nie.

Die Calvinistiese verbandsbeskouing daarenteen wat sy naam met ere sal dra, sal in die eerste plek die menslike samelewing moet aanvaar as 'n uiters gekompliseerde gegewe wat aan die teoretiese wysgerige besinning baie hoë eise stel. Daarby sal hy steeds moet aansluit by die naïewe ervaring, omdat die wetenskap nie teenoor of los van hierdie voorteoretiese ervaring staan nie, maar na goddelike ordening die roeping het om ook hierdie menslike verbande verder teoreties te ontsluit terwille van die waarheid.

Verder moet met nadruk vasgestel word dat van 'n aanvaarding van „persoonlikheid" by die menslike verbande op Christelike standpunt geen sprake kan wees nie, ewe min as van die opvatting dat die individuele persoonlikheid van die mens as sodanig bestanddeel daarvan is, omdat hierdie opvatting afbreuk doen aan die Christelike opvatting van die persoonlike vryheid, wat in Christus verwerf is. Geen gesin, geen staat, geen tydelike kerkinstituut, ja geen enkele tydelike samelewingsverband kan die Christen hierdie persoonlike religieuse vryheid ontroof nie.

Aan die ander kant, al gaan die mens, wat na Gods beeld geskape is, in sy religieus-transendente wortel alle tydelike verbande te bowe, na sy tydelike funksies leef hy met ander in 'n gemeenskap en kan en mag hy hom nie aan die samelewing onttrek nie; hierin handel hy, lewe en beweeg hy hom, denk en glo hy, bemin en haat hy, doen hy reg en onreg. Ja,

selfs die interne lewenswet van die verband moet deur die mens nader gevorm, gepositiveer en gepresiseer word, in voortdurende aanpassing aan die historiese ontwikkeling. So is die lewensverbande, juis omdat hulle verbande van mense is, *dinamiese* strukture, wat of diensbaar is aan die koms van Gods Koninkryk, wanneer die gemeenskaplewe op Christus gerig is, of diensbaar aan die ryk van die duisternis, wanneer die rigting van die verband heenwys na vergoddelikte tydelike goedere. So sal 'n Christelike verbandsbeskouing ook steeds 'n oop oog moet hê vir die normatiewe taak en bestemming van 'n verband.

Eindelik sal 'n Christelike verbandsbeskouing moet uitgaan van wat Gods Woord ons openbaar as die religieuse wortel-eenheid van die menslike geslag. Hierdie eenheid van die mensdom moet nie in een of ander menslike verband of in die somtotaal van individue gesoek word nie, maar alleen daarin dat alle mense en menslike verbande oorspronklik gefundeer is in ons eerste verbondshoof Adam, en na die sondeval deur God herstel is uit vrye genade in die nuwe verbondshoof Christus—'n eenheid wat aldus in God se skeppingsplan en nie in die menslike rede gegrond is. Hierdie eenheid is egter nie in die tyd te vind nie, want in die tyd ontvou hierdie eenheid ten opsigte van die menslike verbande hom in 'n ingewikkelde, onderlingvervlegte verskeidenheid van maatskaps-, verbands- en gemeenskapsverhouding.

Vir die Christelike denke sal dit steeds 'n vreugde moet wees om die struktuurbeginsels van die onderskeie menslike verbande in sy ryke en onderlinge vervlegting van die lewe met sorg na te spoor, tot meerdere prys van Hom, wat om Sy Wysheid verheerlik moet word.

* * *

Ek wil by hierdie geleentheid my dank uitspreek teenoor die Raad van ons inrigting (en deur die Raad aan Sy Hoog Ed. J. H. Hofmeyer, Minister van Onderwys) vir die vertroue in my gestel deur die benoeming tot professor in die Sosiologie. Soos ek alreeds aangedui het, stel die beoefening van die vraagstukke wat daar lê op die gebied van die sosiale lewe, hoë eise aan die ondersoeker. Hierdie ondersoek te mag uitvoer by die lig van Gods Woord, waarvan die leuse van hierdie Inrigting getuig, sal ewewel die taak vir my aangenaam en besielend maak.

Ook aan die Uitvoerende Bestuur van die Senaat, bestaande uit ons Hooggeagte Rektor en Dekane van die verskillende fakulteite, wil ek my waardering uitspreek vir die vertroue in my gestel deur hierdie benoeming nie alleen by ons Senaat maar ook by die Raad aan te beveel.

Tot enkele van u sou ek graag in besonder 'n woord wil rig. In die eerste plek aan u, Prof. H. G. Stoker. My werksaamhede aan ons inrig-

ting het ek aangevang in die Departement Sielkunde, waarvan u die hoof was. My werksaamhede kon ek aanvang in 'n Departement wat deur u energieke bemoeienis volledig toegerus en uitgebou was. Daardeur is my werk baie verlig en vergemaklik; daarvoor wil ek u my opregte dank en waardering betuig.

Ook in die Departement Opvoedkunde was ek werksaam. Aan u Prof. J. C. Coetzee wil ek my opregte dank betuig vir die geleentheid wat ek gehad het om met u saam te werk. Hierdie departementele samewerking wil ek graag uitbrei en vervang deur 'n vakwetenskaplike, omdat daar tussen die Sosiologie en Opvoedkunde noodsaaklike kontakpunte is.

Aan u Prof. J. C. van Rooy, as naasverwante vakgenoot, wil ek my dank en waardering uitspreek vir die simpatieke samewerking wat ek steeds van u mog ondervind. Ruim vier jaar was ek in u Departement werksaam en het ek die geleentheid gehad om my sosiologiese insigte te verdiep, te verhelder. Ek is my ten volle daarvan bewus in baie opsigte u mindere te wees, en tog durf ek met moed die hoofskap van die Sosiologie, as afsonderlike departement te aanvaar, omdat ek vertrou in twee opsigte u gelyke te wees, nl. in die hartstogtelike liefde tot ons Christelike beginsel, en in die groot wens iets van hierdie liefde in die onderwys te mag oordra.

Dames en Here Studente, die Sosiologie is in ons inrigting geen onbekende meer nie. Die belangstelling vir sosiale vrae word in ons tyd steeds groter, en vir ons inrigting sal steeds gepoog word om hierdie belangstelling staande te hou, gepaard aan prinsipiële voorligting.

Dames en Here, ek dank u vir u welwillende gehoor.

D. C. S. DU PREEZ.